### *Drie maangeeste praat oor die maanwêreld*

**153** Kisjonah het ook iets van sterrekunde af geweet en begin aan die hand van die beweging van die sterre te bereken of middernag al verby is al dan nie, want in die tyd had die mens nog lank nie sulke horlosies soos nou nie en die mens het hulleself daarom met, `n natuurlik baie onbetroubare berekening, aan die hand van die sterre gehelp.

[2] Na `n rukkie sê Kisjonah: "Volgens my berekening is middernag nou al verby."

[3] Ek antwoord: "Vriend! Jou berekening klop nie, want dit duur nog `n uur tot die middel van die nag. Reken daarom liewer nie, want die loop van die sterre is anders as wat jy dink! Jou berekening is op sigself al verkeerd en daardeur is dit bykans onmoontlik om met die stand en die beweging van die sterre die middel van die nag te bepaal. Mense wat dit sal kan doen, sal nog gebore moet word; maar nou is dit nog gladnie so gevorderd nie."

[4] Tog kom gedurende die verloop van verskillende gesprekke die middel van die nag naderby en presies volgens die wette van die natuur kom die maan voor die helfte verlig op. Toe vra die dogters van Kisjonah My alweer vinnig wat die maan tog was en hoe sy steeds haar lig so kan verander.

[5] Maar **Ek** sê aan hulle: "My liewe dogtertjies! Daar staan drie maangeeste net agter julle; vra dit vir hulle! Hulle sal julle presies vertel wat die maan is en op watter manier sy reëlmatig haar lig wissel en dit af en toe heeltemal verloor!"

[6] Die oudste stel toe dadelik vrae aan die **drie geeste** oor die maan en hulle antwoord: "Bekoorlike! Oor die aarde waarop jy woon sou ons aan jou presies dieselfde vraag kon stel. Jy weet nie waarom dit nou donker is op aarde nie en tog stel jy daar geen vraag oor nie; waarom wil jy dit dan oor die maan weet, wat tog soveel verder van jou af is as die aarde wat jou dra?

[7] Kyk, net soos jou aarde, is ook ons maan `n wêreld. **Jou aarde is rond soos `n bol; ons maan is dit ook.** Jou aarde word steeds maar vir die helfte deur die groot son beskyn en ons maan ook. By jou duur die nag gemiddeld ongeveer dertien van julle kort ure en jou aardse dag is ook ongeveer ewe lank; op die maan egter duur sowel die nag as die dag ongeveer veertien aardse dag- en nagtye, en daardeur sien jy ook vanaf jou aarde die voortdurende wisseling van die lig op die maan, - en dit is een groot verskil tussen die maan en jou soveel groter aarde.

[8] Daar is egter nog `n baie groter verskil tussen jou aarde en die maan en dit is dat die maan slegs aan één kant, wat jy egter nie kan sien nie, bewoon word deur wesens van my soort, terwyl die aarde aan alle kante bewoon word of vir die grootste deel bewoonbaar is.

[9] O, op die maan leef mens met so gelukkig soos op jou aarde! O, daar heers baie koue en baie onverdraaglike hitte, baie honger en dikwels brandende dors! Verlang daarom glad nie na die kleine, maar buitengewoon harde wêreld, waarop die velde geen gerwe en geen koring en heeltemal geen wyn groei nie!

[10] Maar slegs op die kant wat jy vanaf jou aarde altyd kan sien, woon geen liggaamlike wesens nie, geen dier en ook geen mens nie, **maar daar woon net ongelukkige geeste** wat hulleself moeilik of ook wel heeltemal nie kon help nie. - En nou weet jy alles wat jy moet weet.

[11] Begeer egter nie om nog meer oor die maan te wete te kom nie, want die kennis sal jou ten slotte baie ongelukkig maak!

[12] Hou jy slegs maar aan die Liefde en laat alle Wysheid vaar, want dit is beter om aan die tafel van die Liefde te eet – as om op die maan die spaarsame dou van die klip van wyses te lek!"

[13] Na hierdie beskrywing verwyder die drie maangeeste hulleself en die dogter vra My heel vertroulik of dit daar op die maan wel so uitsien soos wat die drie maangeeste haar nou vertel het.

[14] En **Ek** sê: "Ja, liewe dogter, - dit is presies so en dikwels nog baie erger! -Maar laat ons nou die maan verbygaan, en ons kyk nou almal na die môre!

[15] Ek sal nou sommige engele uit die hemele roep en jy sal hulle daarvandaan sien kom; kyk nou dus na die kant!"

### *Die terugkeer van die twaalf apostels*

**154** Iedereen kyk nou na die môre, waar dit net soos by dit opkoms van die son steeds ligter begin te word, - natuurlik slegs maar vir die geestelike oog, hoewel die liggaamlike oog ook gevoelig word daarvoor.

[2] Na `n rukkie waarin die môre steeds ligter en ligter word, verskyn ten slotte drie gestaltes wat meer skitterend straal as die son en wat `n volmaakte menslike vorm het en hulle sweef deur die lug na ons toe. Maar deur die lig van hierdie drie engele, wat vanweë hulle lig en hulle vaste vorm die algemene naam van "gerubs" dra, was die geestewêreld haas nie meer te sien nie en die geeste lyk soos die rustelose newelwolke op die toppe van die berge.

[3] Toe **die drie gerubs** heeltemal by ons was, verdof hulle hul lig, werp hulleself voor My op hulle aangesigte en sê: “Meester! Wie in alle ewige oneindige hemele is dit waardig om U aparte aangesig te sien? Alle eer van die ewigheid en die oneindigheid slegs aan U!”

[4] Maar **Ek** sê aan hulle: “Bedek julle en gaan vinnig na benede, na die plekke waar My twaalf apostels vertoef! Hulle het My opdrag voltooi en dit is voldoende; gaan haal hulle daarom en bring hulle hierheen!”

[5] Op dieselfde oomblik bedek die drie engele hulleself, verwyder hulleself vinnig en `n paar oomblikke later bring hulle die twaalf uitgesonderdes deur die lug na My toe op die top van die berg.

[6] Behalwe vir Judas is dit vir die twaalf baie genoeglik om op so `n wonderbaarlike manier van so ver af na My toe gebring word.

[7] Slegs **Judas** sê: “Ek wens eens en vir altyd om nie weer op hierdie wyse te reis nie! Dit duur weliswaar maar `n paar oomblikke; maar Ek het so `n angs gehad, en die lug suis langs my verby!”

[8] Dit het die engele egter ook net vir Judas laat voel; die elf ander het niks daarvan opgemerk nie.

[9] Die volk praat later nog lank daaroor dat die apostels nou deur die drie engele van ver af deur die lug na My op die berg gebring was.

[10] Maar **vele** op die berg word bang en sê: “In hemelsnaam, so word dit vir ons te wonderbaarlik; dit is hier haas nie meer uit te hou nie!”

[11] En **ander** sê: “**Dit kan slegs maar JaHWeH Self doen!”**

[12] Die twaalf vertel egter baie oor wat hulle almal gedurende die kort tyd beleef het.

[13] Ek gebied die drie engele om vir voldoende brood en wyn te sorg, want die twaalf het honger en dors, omdat hulle `n hele dag niks te ete en te drinke gekry het nie. En die engele doen direk wat Ek hulle beveel het en bring die korrekte hoeveelheid brood en wyn. Toe neem die twaalf die brood en die wyn, eet en drink na behoefte en kom weer op krag.

[14] Die vyf dogters wil ook bietjie van die brood en die wyn proe en vra My daarom. **Kisjonah** verbied hulle dit egter en sê: “Begerigheid is ook `n sonde; daarom is selfverloëning by alles noodsaaklik, anders kom `n mens nooit tot die ware deug waarsonder daar geen lewe kan wees nie.”

[15] Maar **Ek** sê: “Vriend, laat hierdie sonde jou dogters vir ewig vergewe word, want hierdie sonde, wat in wese geen sonde is nie, word maklik vergewe. Jou dogters het waarlik in alle erns honger en dors en daar is genoeg brood en wyn vir almal wat hier is. En daarom moet almal na behoefte daarvan geniet, sodra die twaalf wat op die oomblik die meeste honger was, versadig is!”

[16] Die antwoord bevredig Kisjonah en sy dogters geheel en al. Ek sê daarna aan die twaalf apostels dat hulle nou die brood en wyn moes uitdeel en dit doen hulle dadelik.

[17] Daar was hierdie keer almal bymekaar goed by die agthonderd mense op die berg, wat `n heel wye top gehad het, waarop slegs `n stuk rots van één by vyf klafter* omhoog gerys het, wat egter vanaf die middagsye eweneens goed geklim kon word. Almal eet en drink en word versadig en loof en prys My vir hierdie wonderbaarlike maaltyd. En **Kisjonah** sê vanaf die rots, waar hy vir hierdie geleentheid opgeklim het: (*`n klafter = l,90m.)

[18] “Vriende en broers, luister na my! Ons ken die Skrif vanaf Moses tot by ons tyd, en die boeke oor die oorloë van JaHWeH, waarvan Moses en baie ander profete melding maak. Dit het ons uit Persië gekry en die vertaling daarvan gelees, omdat baie wyses dit as eg erken het; maar van al die wonders wat daarin beskrywe staan, is daar ook nie één wat te vergelyk sou wees met hierdie wat nou voor ons oë afspeel nie. Van so iets is nie net in Israel nie, maar ook in die hele wêreld nog nooit gehoor nie! Wie moet daarom Hy wees, wat sulke dade volbring, **wat buiten Elohim/God vir niemand moontlik is nie?!”**